Tweede en Derde Orde Kubernetiek

Volgens Nichols en Schwartz (1991:143) het die Gesinsterapie-beweging in die tagtiger jare 'n "philosophic midlife crisis" begin ondergaan. 'n Stortvloed van nuwe idees het na vore gekom uit die fisika, neuro-biologie, hermeneutika, sosiale konstruksionisme, literêre dekonstruksie, feminisme en trans-kulturele studies. Die volgende prominente gesinsterapeute se name kan hier genoem word: Anderson, Goolishian, de Shazer, Epston, White, Hoffman, Parry, Doan (Paré 1995:2). Die moderne benadering moes plek maak vir die postmoderne, die kubernetiese vir die narratiewe (Larner 1995:191).

Wat in die gesinsterapie plaasgevind het, kan ook beskryf word as 'n "paradigm shift". Die postmodernistiese invloed met sy beklemtoning van epistemologie (met verwysing na konsepte soos *betekenis, interpretasie, intersubjektiwiteit van kennis*) kon net nie meer genoegsaam geakkommodeer word binne die klassieke, of hoofstroom-gesinsterapie nie. Die oorheersende metafoor waarmee gesinne bekryf is, naamlik *sisteme*, het nou plek gemaak vir 'n ander siening waarvolgens gesinne beskryf word as *interpreterende gemeenskappe* of "*storying cultures*" (Paré 1995:2).

Waar die hoofstroom-modelle veral 'n ontologiese gerigtheid het en dus vrae vra oor die "werklike" wêreld van die gesin, verskuif die klem hier na die epistemologiese terrein en het die vrae meer te doen met "the world of experience, the world we can know." (Paré 1995:3) Volgens hierdie epistemologie word gesinsverhoudings nou nie in die eerste plek geïnterpreteer as reaktiewe response op die disekwilibrium van die gesin nie, maar as kreatiewe uitdrukkings van individue wat "mede-inwoners" is van 'n interpreterende gemeenskap (Paré 1995:13).

Ons kan dus praat van 'n *Derde Orde* beweging in gesinsterapie, en dit verteenwoordig dus

eintlik 'n tweede groot paradigmatiese skuif1[1]. Dit het alles begin by 'n geloof in 'n

kenbare werklikheid, 'n logiese en geordende heelal waarvan die wette deur goeie wetenskaplike arbeid ontsyfer kan word; toe het daar 'n beweging plaasgevind na 'n meer perspektiwistiese posisie waar gekonkludeer is dat enige beskrywing primêr vertel van die persoon wat die beskrywing aanbied; en nou geleidelik ontwikkel 'n siening wat die *locus* van kennis binne die gemeenskap van persone plaas. Betekenis word nou gekonstrueer tussen mense en word nie meer gesien asof dit êrens in 'n individu weggesteek lê nie (Paré 1995:3-4). Ons kan dus praat van die intersubjektiewe en konsensuele aard van kennis. Die konstruktivistiese Tweede Orde Kubernetiek, is dus vervang met 'n *sosiaal-konstruksionistiese* siening2[2], of Derde Orde Kubernetiek.

Konstruktivistiese denke was die eerste epistemologiese golf wat oor die gesinsterapie gebreek het en wat 'n geweldige impak gehad het. Waar sistemiese metafore klem gelê het op sirkulêre prosesse, terugvoerkringlope en strukturele patrone, wat alles te doen het met hoe die wêreld van die gesin *is*, daar het die konstruktivistiese denke die klem gelê op die observeerder eerder as op die geobserveerde. En so is 'n Tweede Orde Kubernetika gebore. Die tweede golf, dié van die sosiale konstruksionisme, was groter en verreikender. Nou word die klem verskuif van die senuweestelsel na die intersubjektiewe invloed van taal en kultuur, asook die hermeneutiese tradisie van teksinterpretasie. "It emphasizes neither the biology of the observer nor the ontology of the observed world, focusing instead on knowledge as a function of communal textual interpretation." (Paré 1995:5)

Dit is duidelik dat taal in hierdie benadering 'n sleutelfunksie vervul. Taal en semantiek word die manier waarop betekenisse toegeken en gedeel word. Anderson & Goolishian (1988) verwys na die "act of languaging". Dit lei weer onafwendbaar na die "act of storying". "If the modernist is an engineer guided by the laws of science, the postmodernist is a storyteller inspired by imagination." (Paré 1995:7)

Tweede en Derde Orde Kubernetiek

Volgens Nichols en Schwartz (1991:143) het die Gesinsterapie-beweging in die tagtiger jare 'n "philosophic midlife crisis" begin ondergaan. 'n Stortvloed van nuwe idees het na vore gekom uit die fisika, neuro-biologie, hermeneutika, sosiale konstruksionisme, literêre dekonstruksie, feminisme en trans-kulturele studies. Die volgende prominente gesinsterapeute se name kan hier genoem word: Anderson, Goolishian, de Shazer, Epston, White, Hoffman, Parry, Doan (Paré 1995:2). Die moderne benadering moes plek maak vir die postmoderne, die kubernetiese vir die narratiewe (Larner 1995:191).

Wat in die gesinsterapie plaasgevind het, kan ook beskryf word as 'n "paradigm shift". Die postmodernistiese invloed met sy beklemtoning van epistemologie (met verwysing na konsepte soos *betekenis, interpretasie, intersubjektiwiteit van kennis*) kon net nie meer genoegsaam geakkommodeer word binne die klassieke, of hoofstroom-gesinsterapie nie. Die oorheersende metafoor waarmee gesinne bekryf is, naamlik *sisteme,* het nou plek gemaak vir 'n ander siening waarvolgens gesinne beskryf word as *interpreterende gemeenskappe* of "*storying cultures*" (Paré 1995:2).

Waar die hoofstroom-modelle veral 'n ontologiese gerigtheid het en dus vrae vra oor die "werklike" wêreld van die gesin, verskuif die klem hier na die epistemologiese terrein en het die vrae meer te doen met "the world of experience, the world we can know." (Paré 1995:3) Volgens hierdie epistemologie word gesinsverhoudings nou nie in die eerste plek geïnterpreteer as reaktiewe response op die disekwilibrium van die gesin nie, maar as kreatiewe uitdrukkings van individue wat "mede-inwoners" is van 'n interpreterende gemeenskap (Paré 1995:13).

Ons kan dus praat van 'n *Derde Orde* beweging in gesinsterapie, en dit verteenwoordig dus eintlik 'n tweede groot paradigmatiese skuif3[3]. Dit het alles begin by 'n geloof in 'n kenbare werklikheid, 'n logiese en geordende heelal waarvan die wette deur goeie wetenskaplike arbeid ontsyfer kan word; toe het daar 'n beweging plaasgevind na 'n meer perspektiwistiese posisie waar gekonkludeer is dat enige beskrywing primêr vertel van die persoon wat die beskrywing aanbied; en nou geleidelik ontwikkel 'n siening wat die *locus* van kennis binne die gemeenskap van persone plaas. Betekenis word nou gekonstrueer tussen mense en word nie meer gesien asof dit êrens in 'n individu weggesteek lê nie (Paré 1995:3-4). Ons kan dus praat van die intersubjektiewe en konsensuele aard van kennis. Die

konstruktivistiese Tweede Orde Kubernetiek, is dus vervang met 'n *sosiaal-konstruksionistiese* siening4[4], of Derde Orde Kubernetiek.

Konstruktivistiese denke was die eerste epistemologiese golf wat oor die gesinsterapie gebreek het en wat 'n geweldige impak gehad het. Waar sistemiese metafore klem gelê het op sirkulêre prosesse, terugvoerkringlope en strukturele patrone, wat alles te doen het met hoe die wêreld van die gesin *is*, daar het die konstruktivistiese denke die klem gelê op die observeerder eerder as op die geobserveerde. En so is 'n Tweede Orde Kubernetika gebore. Die tweede golf, dié van die sosiale konstruksionisme, was groter en verreikender. Nou word die klem verskuif van die senuweestelsel na die intersubjektiewe invloed van taal en kultuur, asook die hermeneutiese tradisie van teksinterpretasie. "It emphasizes neither the biology of the observer nor the ontology of the observed world, focusing instead on knowledge as a function of communal textual interpretation." (Paré 1995:5)

Dit is duidelik dat taal in hierdie benadering 'n sleutelfunksie vervul. Taal en semantiek word die manier waarop betekenisse toegeken en gedeel word. Anderson & Goolishian (1988) verwys na die "act of languaging". Dit lei weer onafwendbaar na die "act of storying". "If the modernist is an engineer guided by the laws of science, the postmodernist is a storyteller inspired by imagination." (Paré 1995:7)